N05/1/A1AFR/SP2/AFR/TZ0/XX

88050004

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Monday 21 November 2005 (morning)
Lundi 21 novembre 2005 (matin)
Lunes 21 de noviembre de 2005 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werk van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke nie, sal nie 'n hoë punt behaal nie.*

**Drama**

**1.** (a) Die goeie drama verg 'n botsing tussen die hoofkarakters. Sodanige botsing kan van ideologiese of persoonlike aard wees. Hoe dra die aard van die konflik by tot die waardering en begrip van elke drama?

*of*

(b) Dramas wat hul afspeel teen 'n historiese agtergrond, reflekteer 'n problematiek gegrond op die heersende sosiale waardes van daardie era. In watter mate is dié stelling waar van die mate waarin die optrede van karakters in die gelese dramas deur 'n era-gebonde wêreldbeskouing gerig word?

**Poësie**

**2.** (a) Die natuurbeelde in gedigte word dikwels ingespan as 'n klankbord vir die digter se emosionele toestand. In watter mate kan jy uit die gedigte wat jy gelees het, tekste identifiseer waarin die natuurstemming die stemming van die digter weerspieël? Oorweeg die spektrum van emosies wat in die gelese gedigte opduik.

*of*

(b) Poësie reflekteer die volle spektrum van die mens se emosionele lewe. Daarom kan die toon van gedigte loop van uitbundige lewensdrif tot die donkerste uiterstes van wanhoop. Deur na van die gelese gedigte te kyk, identifiseer 'n paar van die emosies wat gedigte onderlê.

**Roman**

**3.** (a) Danksy sy breed opgesette formaat werk die roman dikwels met meer as een net intrige, d.w.s naas die hoofgebeure ontplooi die skrywer dikwels newe-intriges, maar wat altyd bydra tot die ontwikkeling van die sentrale gebeure. In watter mate is dit waar omtrent die gelese romans? Hoe dra die sub-temas by tot jou begrip van die gelese romans?

*of*

(b) Sterk oorheersende karakters bepaal dikwels die gang van nie alleen hul eie lewensloop nie, maar ook die van die karakters rondom hulle. In watter mate is dit waar van die hoofkarakters in die gelese romans?

**Kortverhaal**

**4.** (a) Die verteller van die kortverhaal kan een van die karakters wees, die sg ek-verteller, of 'n buitestaander wat gebeure van buite opteken. Watter van die twee vertellershoeke geniet voorkeur in die gelese verhale? Watter voordele en nadele is daar verbonde aan die twee verskillende verteltegnieke?

*of*

(b) Die goeie kortverhaalskrywer behou die aandag van die leser deurdat die ontknoping van die verhaal dikwels reg aan die einde geskied. Kyk na die gelese verhale en besluit hoe suksesvol die skrywers met die verrassende slot werk.

**Algemeen**

**5.** (a) In groot literêre werke is die sosiale en historiese konteks 'n kragtige medespeler in die optrede van karakters. Oorweeg die stelling deur na 'n paar bestudeerde werke te kyk.

*of*

(b) Ons lees goeie fiksie ten einde ons self beter te begryp. In die lig van jou leeswerk, sê in watter mate jy met die stelling saamstem.

*of*

(c) Daar word gesê dat die grootste menslike dryfveer die talle manifestasies van die liefde is. Evalueer die stelling deur na die gelese werke te kyk.

*of*

(d) Die spanning tussen opeenvolgende generasies vorm dikwels die tema in fiksie. In watter mate word die spanning tussen grootouers, ouers en kleinkinders in die gelese werke as tema benut?